

Die Dwaling van Bloedlynvloeke – (Generational Curses)

Inleiding

Volgens die propageerders van bloedlynvloeke kan sekere dinge soos alkoholisme, slegte humeur, siektes en sekere gemoedstoestande soos depressie, veroorsaak word deur vloeke wat van geslag tot geslag in families oorgedra word. Ander dinge soos bankrotskappe en ongelukke kan glo ook aan demoniese vloeke toegeskryf word. Hierdie vloeke moet gewoonlik deur bedieninge wat mistieke gawes besit, geïdentifiseer en gebreek word. Waarop word hierdie leerstellings gebaseer en wat het die Skrif daarvoor te sê?

Exodus 20:5-6

Alles wat oor bloedlynvloeke gesê word, word uit die Ou Testament gehaal en veral gebaseer op die beklemtoning van **Exodus 20:5-6** wat verklaar dat die misdaad van die vaders aan die kinders van die derde en die vierde geslag oorgedra sal word. Om hierdie gedeelte egter reg te verstaan moet die hele konteks van vers 4 tot vers 6 bestudeer word:

*“Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want **Ek, die HERE jou God**, is ‘n jaloesse God **wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat...**” (My beklemtoning).*

Eerstens moet daar op gelet word **dat dit God is** wat waarsku dat Hy die sonde van afgodsaanbidding sal straf en tweedens dat Sy straf van toepassing is op net dié wat Hom haat. Geen melding word hier van demone of vloeke gemaak nie! Dit is **God** wat die sonde van afgodery straf, nie Satan of demone wat vloeke plaas nie. In die Bybel is daar ‘n verskil tussen God wat optree om sonde te straf en die gevolg van die invloed van Satan en demone om mense te mislei. **Exodus 20:4-6** wys op die gevaar wat ‘n verkeerde invloed van ouers en voorouers op die geslagte na hulle kan hê. God waarsku Israel dat solank as wat hulle die voorbeeld van onheilige voorvaders volg, hulle die gevolge daarvan sal moet dra. Sou hulle in sonde verval, is daar tog hoop vir hulle. Na bekering en sondebelydenis sal God hulle vergewe en Sy oordele terugtrek.

*“**Dan sal hulle hul ongeregtigheid bely... dan...sal Ek dink aan my verbond dink...**” (Lev. 26:39-42).*

Kan ‘n kind die sonde van voorvaders dra?

Marilyn Hickey sê in haar boek *Break the Generation Curse*:

“You can come under a curse for which you are not responsible” (bl.15).

Neil Anderson bevorder ook hierdie onbybelse konsep as hy in sy boek *Bondage Breaker* sê:

“As a child of God, I here and now reject and disown all the sins of my ancestors...I cancel all demonic working that has been passed on to me from my ancestors....I command every familiar spirit that is around me to go to the pit and to remain there until the Day of Judgement.”

Die Skrif verklaar dat jy nie as gevolg van ander se sonde gestraf moet word nie:

“Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie...” (Eseg. 18:20).

“Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word” (Jer. 31:30).

Hierdie beginsel dat elkeen vir sy eie sonde en geestelike toestand verantwoordelik is, word in die Nuwe Testament bevestig:

*“Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. Want **elkeen sal sy eie pak dra**” (Gal. 6:4-5, my beklemtoning).*

Zodhiates gee die betekenis van die Griekse woord vir **“pak,” phortion** as **“the burden of one’s own responsibilities and failures”** (*The Complete Word Study Dictionary, New Testament*).

Wie kan vloeke plaas en verander?

Daar is nie een enkele voorbeeld in die Bybel van Satan of ’n demoon wat ’n vloek op ’n familie of op iemand plaas nie. In die geval van Job moes Satan eers toestemming by God kry voordat hy iets aan Job kon doen (**Job 2:6**). Ons lees wel dat Satan mense pla en aanval en dat jy op jou hoede moet wees om sy aanvalle teen te staan, maar nêrens lees jy dat dit nodig is om ’n vloek oor jou te breek nie. Die Skrif moedig ons aan om ons aan God te onderwerp en Satan met die Swaard van die Woord te weerstaan (**Ef. 6:17**):

“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof...” (1 Pet. 5:8-9).

In die Bybel is dit net God wat die mag het om te seën en te vervloek (**Gen. 3:17; 4:11; 5:29; 8:21 ; 12:3; Num. 23:8; Deut. 11:26; 28:20; 29:27; 30:7; 2 Kron. 34:24; Ps. 37:22; Spr. 3:33; 22:14; Mal. 2:2; 4:6**).

Mense kan ons met die mond vloek, maar hulle is magteloos om ’n demoniese vloek op my as kind van God in Christus, te plaas.

“Soos voëltjies wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan ’n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie” (Spr. 26:2).

Bileam was reg toe hy gesê het:

“Hoe sal ek vloek wie Gód nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die Here nie verwens nie?” (Num. 23:8).

Diegene wat **Exodus 20:5-6** wil gebruik om te verduidelik dat boedlynvloeke gebreek moet word, interpreteer dié gedeelte heeltemal verkeerd aangesien dit God is wat die “vloeke” op die misdade van die vaders plaas en wat God vervloek, kan nie gebreek word nie.

Verlos van die vloek van die Wet

“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word— want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang...” (Gal. 3:13).

As die soendood van Jesus Christus so kragtig is dat dit selfs die vloek wat deur God self op die verbreking van die Wet geplaas is, breek, hoeveel te meer sal dit die sondaar vrymaak van enige ander bindinge as hy sy sonde bely en Jesus as Saligmaker aanneem. Geen wonder dat Paulus wat skuldig was aan die vervolging en teregstelling van gelowiges (**Hand. 7:58**) na sy wedergeboorte kon skrywe:

“Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus...” (2 Kor. 5:17-18).

In plaas daarvan dat hy in sy verlede rondkrap om vloeke en bindinge te soek, verklaar hy:

“Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus” (Fil. 3:14).

Nêrens in die Nuwe Testament kry ons enige voorskrif van hoe gelowiges na wedergeboorte demoniese vloeke moet breek nie. Ons word wel geleer om sonde te bely (**1 Joh. 1:8-9**) en hoe om te verander deur ons denkepatrone te vernuwe deur ontslae te raak van onbybelse lering en filosofieë wat soos vestings in ons koppe gevorm is (**2 Kor. 10:4-5**).

Die Amplified Bybel beskryf baie goed wat hierdie “vestings” is:

“...we refute arguments and theories and reasonings and every proud and lofty thing that sets itself up against the true knowledge of God...” (2 Kor. 10:4-5).

Sonde en geestelike bindinge kan nie deur bloed oorgeplaas word nie. Dit ontstaan deur verkeerde gedagtes wat uiteindelik tot verkeerde optrede lei. Onkunde speel in hierdie proses ‘n groot rol. So, byvoorbeeld, kan ‘n gelowige hom of haarself aan demoniese beïnvloeding blootstel deur onkundig by okkultiese dinge betrokke te raak. Dit moet as sonde bely en afgelê word.

Slotsom

Bedieninge wat die verbreking van bloedlynvloeke voorstaan steun gewoonlik swaar op die getuienisse van persone wat beweer dat hulle van vloeke bevry is. Voordat sulke getuienisse as geloofwaardig aanvaar kan word, moet daar eers gekyk word of hulle die toets van die tyd kan deurstaan. Wat die Bybel die werke van die vlees noem (**Gal. 5:16-25**) word dikwels aan die werke van demone toegeskryf. Die gevaar van hierdie tipe “bevryding” is dat in plaas daarvan om in geloof te aanvaar wat die Woord verklaar, word daar staatgemaak op subjektiewe bedieninge en ervarings. ’n Mens is dankbaar as daar wel mense is wat deur hierdie soort bedieninge geseën word, maar dan is dit omdat daar gereageer word op sommige Bybelse komponente wat tog ook in hulle boodskappe voorkom. Die gevaar van ’n ongesonde klem op die werking van demone is dat dit gedoen word ter afwatering van die boodskap van die volledige verlossing verkrygbaar deur die kruisdood van Jesus Christus.

*“Julle is uit God, my kinders, en het **hulle oorwin**, omdat **Hy** wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is” (1 Joh. 4:4, my beklemtoning).*

“So het Hy die regeerders en gesagvoerders ontwapen. Hy het hulle in die openbaar bespotlik gemaak deur aan die kruis oor hulle te triomfeer” (Kol.2:15).

*“...Want ek is versekerd dat **geen ...engele of owerhede of magte** ...of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie (Rom. 8:37-39, my beklemtoning).*

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
E-pos: nickmaartens@hotmail.com